

**9 November**

**Psalm 103**  
(Teks: 103:8 en 9)

***God tree hard en sag op***

Party mense dink God is 'n kwaai, harde Baas wat heeldag met 'n sweep loop en mense straf. Hulle is bang vir God en vrees die dood en die oordeelsdag.

Sommiges probeer God tevrede hou maar omdat geen mens dit kan regkry nie, vrees hulle dat God hulle een of ander tyd met siekte of ongelukke gaan straf. Vir hulle is God 'n harde, hartelose God wat die onmoontlike eis en boekhou van elke sonde.

Ander weer sê 'God is liefde', en dan verstaan hulle daaronder dat God slap is; dat Hy 'n laat-maar-gaan-houding het en nie regtig ernstig is oor sonde nie; dat Hy tevrede is met alles wat ons doen, met ons afskeep tydies en offers. Hy raas en preek ons maar net bang, maar uiteindelik sal Hy alle mense vergewe en die ewige lewe skenk, want Hy is liefde. Albei hierdie is wanvoorstellings van God. Die Woord leer ons dat God regverdig is, maar ook barmhartig. Ware liefde sluit tug in. Hy is nie ons speelmaat nie! Hy haat sonde, maar hy het tog ook medelye met sy kinders wat stry teen die sonde. En Hy vergewe uit genade al ons ongeregthede. Hy is nie onredelik of liefdeloos nie. Hy is hard maar nie harteloos nie. Vir dié wat in Christus is en tot Hom nader is Hy sag. Maar Hy is ook hard en genadig genoeg om ons te leer en te tug en te beskerm teen die bose. Teenoor die goddeloses tree Hy hardhandig op en is Hy 'n verterende vuur. Hulle het rede om ons God te vrees. Maar ons het alle rede om God se genade en liefde en seën te verwag, want Christus is ons verlosser. Deur Hom ontmoet ons 'n barmhartige en genadige God wat ons sondes vergewe en nie toornig bly nie.

Sing Psalm 105:4

Ds. C.J.C. Roets (Witpoortjie)